50

Wim en Willa de Vos

Vyftig jaar later...

Ongelooflik! Dat daar al ‘n halwe eeu verloop het sedert gebeur het wat ek van Waterkloof onthou asof dit gister of eergister was. So baie herinneringe dring hulle na vore dat ‘n mens nie weet wat jy eintlik as hoogtepunte moet uitsonder nie. Sou dit die lekker uitstappies wees wat ek bevoorreg was om saam met die gemeente se jongmense te onderneem? Die kampe by die Pienaarsrivier-jeugterrein of die epiese tog na die Wolkberge onder leiding van Antonie Gildenhuys? Of moet ek vertel van die keer toe ons met die Reënkoningin, Modjadji, gaan onderhandel het om sending-werk onder haar onderdane te begin wat, ten spyte van al die teenspoed op ons weg daarheen, tog op ‘n baie vrugbare sendingaksie uitgeloop het?

Nee, miskien moet ek liewer vertel van die oprigting van die kerkgebou en veral die storie van die doringboompie op die bouterrein. Die opdrag aan die bouheer, Jan Siglé, was: so min as moontlik van die natuurlike plantegroei op die terrein versteur.

Onder een van die verpotte doringboompies het die bouers toe ‘n kraan aangelê om water vir die bouwerk te voorsien. Soos dit maar gaan, het baie van die water op die grond onder die boompie beland. En daar begin die boompie te groei om sommer baie geiler en groter as enigeen van die ander bome op die terrein te word, sodat ek met die inwyding van die kerkgebou ‘n kinderdiens kon hou met Ps. 1 as teks en met verwysing na die boom wat by waterstrome geplant is.

Ek wonder of dié boompie, wat ‘n bóóm geword het, nog skuins voor die kerkgebou staan. In elk geval is dit vir my tekenend van Waterkloof-gemeente se bestendige vordering en groei.

Vyftig jaar gelede is daar ‘n klein boompie geplant in die kloof van waters. Deur die jare is die boompie benat met die gereelde verkondiging van die blye boodskap – en kyk net

hoe geil en groen staan hy daar as ‘n toonbeeld van die seën van die Here.

My wens vir Waterkloof vir die volgende vyftig en meer jare: dat “hy, (soos die boom wat by waterstrome geplant is) voorspoedig (sal wees) in alles wat hy aanpak”. (Ps.1:3).

— Wim de Vos

Ek onthou....

Eerste van alles, ménse. Mense met wie jy saam gewerk het, saam gelag het, saam gehuil het oor bitter verlies en diep hartseer, saam geestelik gegroei het.

Die ywer en toewyding van begaafde vroue wat bereid was om hulle tyd en talente te gee om onder te begin, néderig te begin om ‘n gemeente te help bou tot eer van die Here.

Die middel-van-die-week hoed-op-die-kop-sustersbidure waar ons Bybelstudie begin doen het toe daar nog gefrons is oor of vroue dáármee vertrou kon word en waar ons vir mekaar, vir die jong gemeente en vir talle behoeftes buite ons eie grense saam gebid het.

Die aand toe ek die broeders van die kerkraad moes gaan oortuig dat die susters káns sien om vir ‘n ordentlike pyp-orrel in die nuwe kerk te sorg – want daar was sommige (soos Paulus graag sê) wat voorstanders was van ‘n ekonomiese elektroniese toestel. Die geskiedenis van die vrou met die albastefles met olie en die dissipels se misnoë oor die geldverkwisting het die eenparige goedkeuring van die orrel mét Duxie se verlangde ekstra registers verseker.

Die pret wat ons gehad het met die instudering en opvoering van *Die Swakkere Vat* van HA Fagan onder spelleiding van Collie Fick met onder meer Elra Terblanche, Marié-Hendrien van der Westhuizen, Pieter Greyling (en Wim en ek). Sowaar selfs die koerant gehaal!

Die Sondagoggend toe ek moeite gehad het om die woelige driejarige knaap langs my stigtelik te hou. Toe sy pa die laaste “Amen” sê, vlieg hy orent, arms in die lug, met ‘n luide, jubelende “KLAAR!” Dié erediens het hoogs onstigtelik geeïndig.

En nou, na 50 jaar, dankie Waterkloof, vir goeie herinneringe, vormende jare en durende vriend-skappe. En “moenie in julle toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here” (Rom 12:11).

— Willa de Vos